SA ISSN 0038-2809
Dewey Cat. No. 636.089

JOURNAL OF THE SOUTH AFRICAN VETERINARY ASSOCIATION

TYDSKRIF VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VETERINÊRE VERENIGING

VOLUME 45 Nos 1 & 2
JAARGANG 45 Nrs 1 & 2

MARCH-JUNE/MAART-JUNIE 1974

CONTENTS/INHOUD

Miliary eczema

You may not know the cause

But you certainly know the answer . . .
. . . Ovarid

Testosterone deficiency, endocrine upset, dietary factors, allergy to flea bites.

Just some of the factors which have been suggested as causing miliary eczema.

And, in the past, there have been just as many complicated and speculative treatments.

But not any longer.

Thanks to Ovarid.

Ovarid produces remarkably good results in the treatment of miliary eczema in cats, with response in most cases being noticed within the first few days of treatment.

And you'll notice something else when treating miliary eczema with Ovarid.

The remarkable lack of side effects.

Some animals do put on weight, due to increased appetite, but this can easily be controlled by interrupting or reducing the dosage.

In many cases the animal's temperament has improved, too.

Ovarid

The answer to miliary eczema in cats

Glaxo

Ovarid (megestrol acetate) is a Glaxo trade mark

P.O. Box 485, Germiston.
P.O. Box 236, Pietermaritzburg.

JA106

Pig Dysentery

For the Treatment and Prevention of Pig Dysentery*

PRESCRIBE —

TYLAN PREMIX

*Pig Dysentery caused by Vibrio-Coli Organisms or Spirochetes.

SUGGESTED DOSAGE — Initial 3 weeks — feed 100g/Tylosin per ton finished feed, followed by 40g/Tylosin per ton finished feed to marketing.

PACKINGS — Feed Premix 4,54 Kg. (100g. Tylosin Activity)
Concentrate 10 Kg. (880g. Tylosin Activity)

Tylan Premix

ELANCO

Available from all Branches of Repvet and Vetricure.

Elanco Division, Lilly Laboratories (S.A.) (Pty.) Ltd., P.O. Box 98, Isando, Transvaa

Jl S. Afr. vet. Ass. 45 (1 & 2): 3 1974

THE NEW LOOK

In their efforts to counteract increasing costs and at, the same time, the delays in appearance of the Journal of the SAVA, the Editorial Committee with guidance from Council, more recently with the assistance of members of the Finance Committee, have taken certain steps. This entailed, perforce, changing of the size of the Journal to the standard A 4-format. To those who might have preferred the ease of handling of the previous format, and, particularly, librarians who might have to provide for additional height of shelf space, we tender our apologies. The time is past – if ever it existed – that we can permit ourselves luxuries.

To make better use of available printing space, the index will henceforth appear on the front page and the remainder thereof on the first page. The busy reader need not open the Journal, but will be able to judge the main contents at a glance. Those readers who did not like the old cover design will heave a sigh of relief, to those who did, or in the course of time became used to it, we offer the same apology as above.

An important step to obviate the anachronistic appearance of the Journal and to ensure timeous issue in future was to combine the first two issues of this year (March & June 1974,)(Vol. 45, Nos 1 & 2). We trust that our readers will accept this in the same way that they have shown their understanding of the problems of the Editorial Committee by acceptance of the inevitable.

As in the past, criticism will be welcome. If there appears to be no reaction, rest assured that there are sound and valid reasons for non-acceptance.

REDAKSIONELE AANTEKENING

NUWE VOORKOMS

In sy pogings om die stygende koste te bekamp en tegelykertyd die lang vertraging van verskyning van die Tydskrif van die SAVV te verhelp, het die Redaksie-komitee, onder leiding van die Raad, en meer onlangs met hulp van lede van die Finansieskomitee, bepaalde stappe gedoen. Dit het meegebring dat daar noodgedwonge tot die standaard A4-formaat oorgegaan moes word. Aan diegene wat miskien minder van die hanteerbaarheid van hierdie formaat hou, en veral aan bibliotekarisse wat nou vir wysiging van rakhoogte voorsiening moet maak, teken ons apologie aan. Die tyd is egter verby – as dit ooit bestaan het – dat ons onsself weeldes kan veroorloof.

Om beter gebruik van beskikbare drukwerkruimte te maak, sal die inhoudsopgawe voortaan op die voorblad verskyn en die oorloop daarvan op die eerste bladsy. Die besige leser hoef dus nie die Tydskrif oop te blaai nie, maar sal die belangrikste inhoud met 'n oogopslag kan bepaal. Dié lesers wat nie van die ou omslag-ontwerp gehou het nie, sal 'n sug van verligting slaak, aan die wat wel daarvan gehou het, of mettertyd daaraan gewoond geraak het, bied ons dieselfde apologie as hierbo aan.

'n Belangrike stap om die anachronistiese verskyning van die blad te bekamp en tydige verskyning in die toekoms te verseker, was om die eerste twee uitgawes van hierdie jaar (Maart en Junie, 1974; Band 45, Nrs. 1 & 2) te kombineer. Daar word vertrou dat ons lesers hiermee genoeë sal neem, net soos hulle in die verlede hul begrip vir die probleme van die Redaksiekomitee met lydsame skikking in die onvermydelike getoon het.

Nes in die verlede sal kritiek verwelkom word. As daar nie op gereageer word nie, wees verseker dat daar in elk geval deeglik op ingegaan is, maar dat daar grondige of onvermydelike redes bestaan waarom dit nie aanvaar is nie.

bactericidal against a wide range of infections in

cattle, sheep, swine

- pneumonia
- bronchitis
- pleurisy
- bacterial complications associated with shipping fever
- foot rot in cattle and sheep
- acute systemic mastitis
- metritis

dogs and cats

- pneumonia
- bronchitis
- tonsillitis
- abscesses
- pustular dermatitis
- wounds
- neomycin-susceptible bacterial complications associated with canine and feline distemper
- infectious canine hepatitis
- feline pneumonitis
- feline panleukopenia

■ a wide antibacterial spectrum ■ bactericidal even in low concentrations ■ minimal bacterial resistance and cross resistance ■ stability under many physical conditions

Biosol Sterile Solution is supplied in 30 ml multiple-dose vials containing 200 mg per ml or 50 mg per ml neomycin sulphate.

TUCO

TUCO PRODUCTS, DIVISION OF UPJOHN PTY. LIMITED / P.O. BOX 246 / ISANDO, TVL.

Jl S. Afr. vet. Ass. 45 (1 & 2): 5-11 1974

THE VETERINARIAN'S RÔLE IN ANIMAL PRODUCTION

The actuality of this subject in a world faced with exponentially increasing needs of the essentialities for life may be accepted as being axiomatic. Realization of this fact was the motive for devoting one general session of the recent scientific Congress of this Association to discussions on "Animal Production". The papers delivered at that session, including two relevant ones, appear in this issue of the Journal.

The whole matter could be disposed of by simply regarding any form of professional service rendered directly or indirectly to livestock owners as the veterinarian's contribution to animal production. The urgent undertones of concern and the attempts to seek clarity, which characterized the discussions at the abovementioned session, belie such an over-simplified, self-satisfying explanation.

Western economy is based on the principle of 'demand and supply'. Enormous advances in technology and business methods and reciprocally changing social patterns have added another, totally different dimension to this principle and have modified it completely. This consists of the creation of new, more or less artificial demands, not by the consumer in the first place, but by the potential supplier, who then holds himself in readiness to satisfy the expected demand. As the pattern evolves, the element of artificality decreases and the luxury article becomes a necessity. One needs but refer to the motor vehicle as an example. On ethical levels, which vary from acceptable to surreptitious, man's love of ease, his cupidity, ambition, and, more recently, his sensuality, are exploited to stimulate demand.

How does the livestock-farmer, with his traditionally rural, individualistic and conservative outlook – especially in South Africa – fit into this scurry of high gear business, which, more often than not, he finds confusing? And, with him, how does the veterinarian fit in, with his strictly ethically directed principles of service?

Food and the raw materials for clothing are essential for life, but do not lend themselves readily to formation of artificially stimulated demands. Man's eating habits are also more conservative and pattern-conforming. Initially, agriculture as a whole, and animal production in particular, could meet the natural demands for the following reasons:-

1. Lower population density.
2. Pristine increase of production by application of principles obtained by relatively simple research techniques.
3. The lower economic level of most people and the simpler social patterns.
4. Lesser degree of awareness or total unawareness of global "human welfare".

Since World War II, especially, a phenomenal change in all these aspects has occurred. The first animal industry that found the answer was that of poultry: the back-yard chicken run was transformed, almost over-night, into a biological protein factory. Fortuitious and well-co-ordinated integration of the activities of geneticists, physiologists, nutritionists and veterinarians with those of far-sighted business enterprise was responsible. It was more a revolution 'from without'; the majority of poultry farmers had little say in the matter. They had to climb on to the band-wagon or be pushed out. The large organizations had control and could act in a strongly directive manner. The pig industry also began following this pattern. Because of consumer preferences, its rise was less spectacular. Here, too, the same degree of integration of scientific business acumen was lacking. Now we stand in the midst of the revolution of intensification of the red meat industry.

There are, however, important differences concerning the latter: one is dealing with physically larger animal units, namely cattle and sheep; they are viviparous and not oviparous; they are either monotocous or oligotocous, not polytocous as is the pig; they are not so easily reduced to cogs in the protein factory (this was well indicated in one congress paper). In addition, there are more and larger vested interests, much more invested capital is concerned, the activities are more diversified, in other words, there are cattle, sheep, stud and dairy farmers, each in turn specialized to greater or lesser extent. These interests are better organized (agricultural unions, stud book societies, etc.). The 'revolution' by the nature of things will be more an 'evolution', developing mainly from the existing pattern, albeit accelerated by climbing in of 'big money', but by no means wholly dominated thereby.

How does this 'evolution' effect the veterinarian? On the one hand we have the traditional cattle farmer, on the other the big business man, both under pressure of consumer demand. It cannot reasonably be expected of either to determine exactly the nature of veterinary services really required by them. As a matter of fact, at this stage it is almost too much to expect of them that they will realize the need for veterinary aid in any form, until . . . disease strikes and the veterinarian is forced back into his traditional rôle of 'healer of sick animals', the filler of wells after the calf has drowned. At this stage we dare not even mention diseases of erosion.

It is thus patent that the Profession must 'sell' its services, 'sell' in the modern concept of the word, by creating the demand therefor, but obviously on a totally different level, with a totally different motivation and in a totally different manner. The ignition point for its motivation must be service to country and community, fully admitted that the worker has a right to his daily bread, but service must be measured by the actual contribution to production rates and, in rands and cents, to the gross national product, not to own nett income. The incentive thereto is the appallingly low production figures in South

Africa, as revealed in the relevant papers in this issue of the Journal. The method must be one of convincing the animal productionist and of rendering palpable evidence: he must be made to realize clearly where his real needs lie.

This is easier said than done. That the veterinarian must play a bigger rôle in animal production is a threadbare cliche. The question is : how? The whole matter needs careful consideration and analysis; as a matter of fact, the subject will have been the subject of speculation by any member of the Profession who has any sense of responsibility. To give direction to such speculations, a brief exposition is given here of some aspects. Clearly, the importance and urgency of the matter must be borne in mind at all times. The clichés must be rejuvenated by repeated appreciation.

There must be absolute clarity of concept concerning the whole matter. At the recent congress the opinion was aired broadly that the veterinarian should concern himself with disease, the animal scientist with genetics, with an area of overlap between them. Unfortunately, man is a being of territoriality, whether his territory be geographic, material, factional or psychological. We must try to evade the trap of playing off one profession against the other. Too much bogging-down damage has been done in the past because of this. One is afraid of what will happen in the area of overlap; are we going to chase each other around like enraged sticklebacks?

We stand before the total assignment of causing the chromosome-determined animal constitution to function optimally in its environment. The sting in this apparently simple statement is in fact a trident: 'chromosome-determined' means that we must attain the best possible genetic constitution for a given long-term purpose; 'optimal' means that we have to aim at maximum production over a maximum or within a minimum period of time, in the economically most productive fashion, without harm to biological function; 'environment' means that environment which best promotes biological function and at the same time is most economically attainable. Any deviation must be located accurately and corrected, not only to save the individual or situation, but to avoid its perpetuation.

Anyone having even the faintest notion of applied biology will realize that such an assignment cannot be placed on one pair of shoulders. Theoretically one can postulate a whole series of experts taking part in the assignment, from geneticists, physiologists, toxicologists, microbiologists, parasitologists, genesiologists, therapeutists, hygienists, etc., to economists, financial experts, business administrators and marketing experts. Each of these will have its own infra-structure of assistants and facilities. At national level we have such experts, at least qualitatively. If this is the case quantitatively as well, is an open question, with a negative reply being the most probable one. What we definitely do not have are such teams in full co-operative activity within a frame-work of efficiently co-ordinated and directed organization and with a clearly directed, purposeful assignment

As one moves from the highest organizational levels to individual concerns, so the team decreases accordingly, in other words more fields of expertise will have to be covered by one and the same person, but then more in executive capacity, to relate the personnel to the activities of the concern. The ultimate size and composition of the team will depend upon the nature of the particular concern and the capabilities of persons available. The smaller concerns could make use of consultation services on an *ad hoc* basis. The degree of specialization lost in the process must be compensated for by support from properly co-ordinated and adequate supporting services in the form of diagnostic, analytic, and research laboratories and consulting centres. For example, the executive must be able to obtain a complete metabolic or infection profile of a particular concern at reasonable cost and within a reasonable space of time.

It is clear that of the broad spectrum of expertise mentioned above, the veterinarian, theoretically at least – if one considers his training – should be able to cope with a considerable segment of the spectrum, moreover, that he should be able to co-operate effectively with other executives as a result of insights instilled into him. In this respect, a number of pertinent, self-searching questions must be posed.

Is our present knowledge adequate? Although in terms of the absolute, knowledge will never be adequate, our present knowledge is such that it can effect a highly significant increase in production if properly applied. It can be predicted safely that the global approach in terms of economic return will reveal a number of hitches and hiatuses as soon as co-operative action needs be taken. Operative research, so successfully applied in World War II to outwit the enemy and kill people, can surely be employed to advantage to supply more food.

Is our undergraduate teaching adequate? Regarding the material offered theoretically, the answer is surely : Yes. Justified doubts may be raised against the lack of necessary emphasis on preventative medicine as a whole. This is not an omission of the individual teacher. The hiatus arises because students are not given an over-all picture at the end of the various courses of study, still less are they given the opporunity of practical exercise in general preventative medicine, where nosology and livestock and business management are properly integrated. A syllabus, already submitted by Faculty Council in 1972 and pertinently aimed at rectifying this defect, had to be postponed on account of lack of available funds. An interim effort, whereby two periods of teaching per week are made available to the Department of Zootechnology, can be accepted as a token of goodwill, but remains patch-work. The offering of short courses can contribute considerably to rectify the defects on a post-graduate level. One needs but to recall the tremendous success of the short course in mastitis offered by the Faculty some years ago.

Do members of the Profession realize the problem sufficiently? One wonders whether members, apart from paying lip-service to clichés, realize this to the extent that they are sufficiently motivated to undertake all the extra trouble and effort. In all fairness, this answer must be related to the one at the end of this editorial. Yet is it true that our mental focus is on therapy of the single case, partly because of our own traditional concepts, partly because the veterinary course ends with clinical subjects and that unconsciously influences the student, mainly because of traditional concepts of potential clients, so much so that at a congress a number of years ago

the following statement was dropped: "The practitioner and metritis had for many years lived happily together on this particular farm". Series of short courses ought to contribute considerably in this respect, as well towards development of the desired realization and insight.

Are there sufficient veterinarians in the country? The answer is an emphatic: NO.

Once more the sorry refrain is heard: 'No financial provision has as yet been made for the doubling of the Faculty'. Year after year promising young people have to be turned down. This year the number was eighty-two.

Has adequate provision been made in the employment pattern for veterinarians wishing to devote themselves to animal production? With a definite NO the essence of the problem is exposed. The most important reason for this has already been advanced. Neither the livestock farmer nor the entrepreneur really realize that they need the services of the veterinarian to prevent disease and enhance production. Still less are they prepared to pay for such services at this stage. Where there is no demand, there is no supply, it is as simple as all that. Dare we point an accusing finger at the young graduate if he prefers urban practice, with its established pattern, with the added attraction that there he can develop his healing proficiency and surgical expertise fully?

In order that the call 'sell the Profession' does not degenerate into a cheap, empty cliché, initiative will be required, to be followed by carefully considered and responsible action and meaningful dialogue with other parties concerned. The animal producer, in particular, must be incited to action. Thorough study must be made of movements such as the CETA's of France, the CREA's of Argentine (see Agricultural Report – South America, No. 12), the animal health services of the Netherlands, Belgium & England, and the scheme of the Royal Agricultural Society as set out elsewhere in this issue, to mention but a few. In this respect it is fitting to look at our own poultry industry as well : within a decade the number of veterinarians concerned therewith has grown from 4, all of them in the Civil Service, to over 20, the majority of them in the private sector. The lame attitude that 'the Government must do something' is fatal. Governments are there to legislate and execute, not to 'do'. It is the animal producer who must be activated and helped to help himself, especially through his own organizations. In this respect the rural practitioners form the advance guard: by their actions they must deliver visible proof that the veterinarian is there to swell the farmers banking account, not to shrink it.

Linked to these discussions hinging on productivity, there is a final consideration of the prospect of a greatly increased effective productivity of the veterinarian as such within the framework of the scheme broadly outlined above.

BOOK REVIEW — BOEKRESENSIE

TEXTBOOK OF LARGE ANIMAL SURGERY

F.W. OEHME AND J.E. PRIER (EDS)

Baltimore: The Williams & Wilkins Co. 1974. Pp. x + 608. Figs. 538.

Thirty authors have contributed to this book, which is a most welcome addition to the rather limited number of publications available on the subject of large animal surgery. The goal has been to produce a practical and updated text for veterinary students and a reference guide for large animal practitioners.

The book contains 16 chapters, of which the first five (145 pages) cover general surgical considerations, wound healing and tissue repair, suturing techniques, surgical restraint, and anaesthesia respectively. Much that is dealt with in these chapters is available in textbooks on anaesthesia, animal management and veterinary surgery but one can understand the editors' desire to bring together in one volume all the information that the large animal surgeon may need. Some of the suturing techniques are not generally known in this country and will definitely help to overcome the problem of wound disruptions in large animals. The chapter on anaesthesia gives a detailed description of inhalation anaesthesia and the various nerve blocks.

The largest part of the book consists of chapters dealing with the integumentary (skin, hoof, claw, mammary glands), musculoskeletal, digestive, urinary and genital systems, and the special sense organs (eye, eyelid, ear). The respiratory (mainly the upper part), cardiovascular and nervous systems are discussed in three short chapters. The emphasis is clearly on those systems and treatments that are within the scope of the private practitioner.

There is also a chapter on the abdominal wall (anatomy, choice of surgical sites, hernias) and a concluding chapter on post-operative recovery and care (mainly shock and dehydration).

A list of references is supplied at the end of every chapter. One notable omission in the list pertaining to the genital system is the work done by C.F.B. Hofmeyr on phallocampsis and other causes of bovine *impotentia coeundi*, which work was published in the Journal of the South African Veterinary Association.

The book is indexed, profusely illustrated and neatly produced. It is recommended.

C.J.R.

REDAKSIONEEL

DIE VEEARTS SE ROL IN VEEPRODUKSIE*

Die aktualiteit van hierdie onderwerp in 'n wêreld wat eksponensieel stygende lewensbehoeftes in die gesig staar, kan as aksiomaties aanvaar word. Die besef hiervan het aanleiding gegee tot afsondering van een algemene sitting van die afgelope wetenskapkongres van hierdie Vereniging vir bespreking van „Diereproduksie". Die betrokke referate, asook twee verbandhoudendes, verskyn in hierdie uitgawe van die Tydskrif.

Die hele aangeleentheid kan maklik afgemaak word deur eenvoudig enige vorm van professionele diens t.o.v. dieregesondheid, direk of indirek aan eienaars van vee gelewer, te aanvaar as die veearts se rol in veeproduksie en daarmee basta. Die deurdringende ondertoon van kommer en soeke na helderheid wat die besprekings op bovermelde sitting gekenmerk het, loënstraf hierdie oorvereenvoudigde, selftevredenheidbiedende stelling.

Die westerse ekonomie berus op die „vraag-en-aanbod"-beginsel. Reusevorderings op tegnologiese en sakegebied en resiprokaal veranderende maatskaplike patrone het heeltemal 'n ander dimensie tot hierdie beginsel bygevoeg – dit in-der-waarheid totaal vervorm. Dit is die skepping van nuwe, in mindere of meerdere mate kunsmatige aanvrae, nie in die eerste instansie deur die verbruiker nie, maar deur die potensiële aanbieder. wat dan by voorbaat gereed staan om aan die nuwe vraag te voldoen. Namate die patroon hom voltrek, neem die element in kunsmatigheid af en die weelde-artikel word 'n lewensnoodsaaklikheid. Dink maar aan die motervoertuig as voorbeeld. Op etiese vlakke wat wissel van gangbaar tot bedenklik, van eerlik tot slinks, word van die mens se gemaksug, hebsug, eersug, en, meer resent, van sy sensualiteit gebruik gemaak om aanvraag te stimuleer.

Hoe staan die veeboer, met sy tradisioneel landelike individualistiese en konserwatiewe lewensbenadering – veral in Suid-Afrika – te midde van hierdie vir hom dikwels verwarrende sakepressiegedoente? En saam met hom, die veearts, met sy streng etiesgerigte diensbeginsels?

Voedsel en die grondstowwe vir bekleding is weliswaar lewensnoodsaaklikhede, maar leen hulle nie maklik tot kunsmatige aanvraagstimulering nie. Die mense se eetgewoontes is ook meer konserwatief en patroongebonde. Aanvanklik kon die landbou in sy geheel en veeproduksie in die besonder in die natuurlike aanvraag voorsien, en wel om die volgende redes:-

1. Die laer bevolkingsdigtheid.
2. Die aanvanklik aansienlik verhoogde rendement wat verkry kon word deur toepassing van beginsels wat deur betreklik eenvoudige navorsingstegnieke vasgestel kon word.
3. Die laer ekonomiese peil van bevolkings en die eenvoudiger maatskaplike patrone.
4. Minder bewustheid of totale onbewustheid van globale „menslike welsyn."

Dis veral na die Tweede Wêreldoorlog dat in al hierdie opsigte 'n fenomenale ommekeer ingetree het. Die eerste veebedryf wat die antwoord hierop gevind het is dié van pluimvee: die pluimveeagterplasie het byna oornag verander in 'n biologiese eiwitfabriek. 'n Gelukkige en goedgekoördineerde samesnoering van genetici, fisioloë, voedingsdeskundiges, veeartse en versiende entrepreneurskap was hiervoor verantwoordelik. Dit was merendeels 'n van buite opgelegde rewolusie waarin die meerderheid pluimveeboere helaas bitter min seggenskap gehad het. Hulle moes inklim en saamry, of uitgedruk word Die groot organisasies het die hef in hande gehad en kon sterk rigtinggewend optree. Die varkbedryf het insgelyks die voorbeeld begin volg. Weens verbruikersvoorkeure was sy opgang nie so skouspelagtig nie. Ook het hier dieselfde mate van samesnoering van wetenskaps- en besigheidsvernuf ontbreek. Ons staan nou in die revolusie van rooivleisbedryfsintensifisering.

Daar is egter belangrike verskilpunte wat laasgenoemde betref: ons het met fisies groter diereenhede te doen, namelik beeste en skape; hulle is vivipaar en nie ovipaar nie; hulle is meesal enkelbarend of laagveelbarend, nie hoogveelbarend soos die vark nie; hulle laat hul nie so eenvoudig in die kader van eiwitfabriek inpers nie (soos een referent op die sitting dit tereg aangetoon het). Daarby is daar baie meer gevestigde belange en groter belange met groter kapitaal betrokke, met wyer gediversifiseerde aktiwiteite, m.a.w. daar is bees-, skaap-, stoet-, en melkboere, elke groep weer op sy beurt tot mindere of meerdere mate gespesialiseer. Bowendien is hulle tot 'n mate meer georganiseer (landbou-unies, stamboekverenigings, e.d.m.). Die „rewolusie" sal uit die aard van die saak eerder 'n „evolusie" wees, wat grotendeels uit die bestaande patroon sal moet groei, weliswaar aangehelp deur die inklim van grootgeld-belange, maar geensins totaal daardeur oorheers nie.

Hoe tref hierdie evolusie die veearts? Enersyds staan die tradisionele veeboer, andersyds die groot sakeman, albei onder geweldige druk van die verbruikersvraag. Dit kan nie redelikerwys van enigeen van die twee verwag word om presies die aard van veeartsenykundige diens wat hulle werklik nodig het, te bepaal nie, trouens dis op hierdie stadium amper te veel verwag dat hulle eers sal besef dat hulle veeartsenykundige diens *überhaupt* nodig het, totdat . . . siekte toeslaan en die veearts in sy tradisionele rol van „dokter van siek diere" teruggedruk word, die demper van putte nadat die kalf versuip het. In hierdie verband durf ons nie eers van erosiesiektes praat nie.

Dis dus duidelik dat die Professie sy diens moet „verkoop" – „verkoop" in die moderne sin van die woord deur self die vraag daarvoor te skep, maar vanselfsprekend op 'n totaal ander vlak, met 'n totaal

* Streng semanties gesproke het die term „diereproduksie", wat ons klakkeloos uit Engels oorgeneem het, 'n wyere begripskonnotasie. Deur „dier" in te eng na „vee" word die aandag bepaal op diere wat die mens ter voldoening van sy primêre behoeftes, nl. voeding en kleding, aanhou.

ander motivering en op 'n totaal ander manier. Die ontbrandingspunt van motivering moet diens aan land en gemeenskap wees, ruim toegegee dat die arbeider sy loon werd is, maar diens moet gemeet word aan werklike bydrae tot die totale produksiesyfers en in rand en sent tot die bruto nasionale produk, nie netto eie inkomste nie. 'n Aansporing daartoe is die ontstellende produksiesyfers in die betrokke referate in hierdie uitgawe van die Tydskrif onthul. Die metode moet een wees van oortuiging en tasbare bewyslewering: ons moet by die veeprodusent 'n duidelike besef laat ontstaan waarin sy behoeftes geleë is.

Dit is makliker gesê as gedoen. Dat die veearts 'n groter rol in veeproduksie moet vervul is 'n holruggeryde cliché. Die vraag is: hoe? Die hele saak verdien noukeurige besinning en analise, trouens, was seker die onderwerp van gedagte van elke lid van die Professie wat enigsins 'n sin vir verantwoordelikheid het. Om rigting aan sulke gedagtegange te gee, volg hier 'n beknopte uiteensetting van enkele aspekte. Vanselfsprekend moet die erns en die dringendheid van die saak ten alle tye deur die Professie onder oë gesien en in gedagte gehou word. Die clichés moet telkens deur intellektuele deurlewing vernuwe word.

Daar moet absolute helderheid van begrip oor die aangeleentheid wees. Tydens die jongste kongres is die mening in die breë gelug dat die veearts hom hoofsaaklik op die siekteleer moet toelê, die veekundige weer op die oorerwingsleer, met 'n oorvleuelingsgebied tussenin. Ongelukkig is die mens 'n territoriale wese, of sy territorium nou geografies, materieel, faksioneel of sielkundig is. Dus moet ons weg beweeg van die slagyster van beroepe teen mekaar af te speel. Te veel vasvalskade is in die verlede al hierdeur berokken. 'n Mens vrees eintlik wat gaan op die oorvleuelingsgebied gebeur: gaan ons mekaar soos twee verwoede stekelbaarse rondjaag?

Ons staan voor die totale opdrag om chromosoombepaalde diereliggaamsfunksie optimaal in sy omgewing te laat funksioneer. Die angel in hierdie skynbaar eenvoudige stelling is 'n drieledige een: „chromosoombepaal" beteken dat ons die beste genetiese samestelling vir 'n bepaalde lang-termyn doel wil probeer bereik; „optimaal" beteken dat ons mik na maksimumproduksie oor 'n maksimum of binne 'n minimum tydperk, op die ekonomies mees renderende wyse, sonder benadeling van biologiese funksie; „omgewing" beteken die omgewing wat die gunstigste is — enersyds mees bevorderlik vir liggaamsfunksie, andersyds op mees ekonomiese wyse verskafbaar. Enige afwyking moet so gou moontlik akkuraat opgespoor en reggestel word, nie net om die individuele geval of situasie te red nie, maar om sodanige afwykings in die toekoms te vermy.

Enigeen wat maar iets van die toegepaste biologie af weet, sal besef dat so 'n opdrag nie op 'n enkele paar skouers geplaas kan word nie. Teoreties kan 'n mens 'n hele reeks deskundiges as deelnemers aan die opdrag postuleer, vanaf genetikus, fisioloog, voedingsdeskundige, dierebeoordelaar, ekoloog, weidingsdeskundige, patoloog, toksikoloog, mikrobioloog, parasitoloog, genesioloog, terapeut, higienis, ens., tot ekonoom, finansier, bedryfsleier en bemarkingsdeskundige. Elkeen hiervan sal weer sy eie infra-struktuur van hulppersoneel en fasiliteite hê. Op nasionale vlak beskik ons oor sulke deskundiges, ten minste kwalitatief. Of dit kwantitatief ook die geval is, is 'n ope vraag, met 'n negatiewe antwoord as die mees waarskynlike een. Waaroor ons beslis nie beskik nie, is sulke spanne met 'n duidelike, doelgerigte opdrag, koöperatief werksaam in doeltreffend gekoördineerde en gerigte organisatoriese verband.

Namate 'n mens van die hoogste organisatoriese vlakke na die enkele instansies beweeg, sal die span na verhouding kleiner word, m.a.w. meer velde van deskundigheid sal deur een persoon bestryk moet word, en dan meer in uitvoerende hoedanigheid, om die personeelstruktuur met die werksaamhede te laat verband hou. Die uiteindelike grootte en samestelling sal afhang van die spesifieke aard van die besondere bedryf en die hoedanighede van die persone beskikbaar. Die klein bedrywe kan van konsultdienste op 'n *ad hoc* basis gebruik maak. Die mate van spesialisasie wat noodwendig ingeboet moet word, moet vergoed word deur rugsteuning van elke uitvoerende deskundige deur behoorlik gekoördineerde en voldoende ondersteuningsdienste, t.w. diagnostiese, ontledings- en navorsingslaboratoria en raadplegingsentra. Hy moet bv. binne redelike tydsbestek en teen redelike koste 'n hele metaboliese of infeksieprofiel van die betrokke bedryf se vee kan kry.

Dis duidelik dat in die breë spektrum van deskundigheid hierbo genoem, die veearts, as 'n mens sy opleiding in ag neem, teoreties in elk geval, bekwaam behoort te wees om 'n aansienlike segment van die spektrum te kan behartig, meer nog, dat hy geredelik deur reeds gekweekte insig sinvol met ander uitvoerende beamptes behoort te kan skakel. Na aanleiding van hierdie oorweging moet 'n paar pertinente, selfondersoekende vrae gestel word.

Is ons huidige kennis voldoende? Alhoewel in terme van die absolute, kennis nooit voldoende sal wees nie, is die huidige stand van ons kennis sodanig dat dit 'n hoogs betekenisvolle verbetering van ons veebedryf kan bewerkstellig, mits dit korrek aangewend word. Dit kan egter met vrymoedigheid voorspel word dat die globale benadering met oog op ekonomiese rendabiliteit 'n hele reeks haakplekke en leemtes gaan laat opduik sodra die verskillende deskundiges koöperatief begin optree. Operatiewe navorsing, so uiters suksesvol in die jongste wêreldoorlog toegepas om die vyand te uitoorlê en mense dood te maak, kan sekerlik ingespan word om mense meer voedsel te verskaf.

Is ons voorgraadse opleiding toereikend? Wat die teoretiese stof-aanbieding betref kan hierop seer seker „ja" geantwoord word. Waar daar wel met reg bedenkings ge-opper kan word, is teen die gebrek aan nodige klem wat op voorkomende geneeskunde in sy geheel gelê word. Dit is allermins die fout van die individuele dosent. Die leemte ontstaan daardeur dat die studente nie aan die einde van hul onderskeie vakkursusse 'n oorkoepelende geheelbeeld gegee word nie, nog minder dat hulle geleentheid gegee word tot praktiese oefening in algehele voorkomende geneeskunde waarby siekteleer en bedryfskennis behoorlik geïntegreer word. 'n Leerplan, reeds in 1972 deur die Fakulteitsraad voorgelê en pertinent gemik op regstelling van hierdie leemte, moes weens gebrek aan beskikbare fondse op die lange baan geskuif word. 'n Tussentydse poging, waardeur twee

periodes per week in die tweede semester aan die Departement Sootegnologie afgestaan word, toon ten minste die goeie wil, maar dit bly slegs lapwerk. Aanbieding van kortkursusse kan baie bydra om die leemtes nagraads aan te vul. Dink maar aan die geslaagdheid van die kort kursus oor mastitis wat 'n paar jaar gelede deur die Fakulteit aangebied was.

Besef lede van die Professie die probleem terdeë? Afgesien van lippediens aan clichés, wonder 'n mens of dit wel in so 'n mate besef word dat dit kollegas sal aanspoor om al die ekstra moeite en inspanning te onderneem. In alle regverdigheid moet hierdie antwoord met die een aan die einde van hierdie stuk in verband gebring word. Tog is dit waar dat ons op terapie van die individuele geval ingestel is, deels weens ons eie tradisionele konsepte, deels weens die feit dat opleiding eindig met kliniese vakke en die student daardeur onwillekeurig ten sterkste beïnvloed word, maar grotendeels weens die tradisionele opvattings van potensiële kliënte, en wel tot so 'n mate dat 'n kollege tydens 'n kongres etlike jare gelede hom die volgende opmerking laat ontval het: „Die praktisyn en metritis het vir jare lekker op die betrokke plaas saamgeboer." Reekse kort kursusse behoort ook in hierdie opsig baie by te dra tot ontwikkeling van die korrekte besef en insig.

Is daar voldoende veeartse in die land? Die antwoord hierop is: beslis nie. En weer klink die droewige refrein: „Geen fondse is voorasnog beskikbaar gestel vir verdubbeling van die Fakulteit nie." Jaar na jaar word belowende jongmense weggewys. Vanjaar was die getal twee-en-tagtig.

Is daar behoorlik voorsiening in die maatskaplike werkspatroon gemaak vir die veearts wat hom op veeproduksie wil toelê? Met 'n onomwonde NEE word hier die eintlike knoop blootgelê. Die belangrikste rede is vantevore aangevoer. Nog die veeboer, nog die entrepreneur besef werklik dat hulle die veearts se diens as voorkomende geneeskundige en produksiebevorderaar nodig het. Nog minder is hulle op hierdie stadium bereid om daarvoor te betaal. Waar geen vraag is nie, sal geen aanbod wees nie. So eenvoudig is dit. Kan dit dus die jong graduandus verkwalik word dat hy hom tot die stedelike praktyk wend, met sy duidelik geykte patroon, met die aantrekking dat hy sy diagnostiese en helende vernuf en chirurgiese vaardigheid daar ten volle sal kan ontplooi?

Opdat die wekroep van „verkoop die Professie" nie tot 'n goedkoop en hol cliché verval nie, sal daar met verantwoordelikheid en oorleg opgetree moet word, inisiatief sal geneem moet word, sinvolle beraad met ander instansies sal gehou moet word, en veral die veeprodusent sal tot optrede aangespoor moet word. Deeglike kennis sal geneem moet word van die funksionering van organisasies soos die CETA's van Frankryk, die CREA's van Argentinië (sien Landbourapport – Suid-Amerika, nr. 12), die dieregesondheidsdienste van Nederland, België en Engeland, die skema van die Royal Agricultural Society soos elders in hierdie blad uiteengesit, en dies meer. In hierdie opsig is 'n blik op ons eie pluimveebedryf ook gepas: binne 'n dekade het die getal veeartse daarby betrokke gegroei van vier, almal staatsbeamptes, tot oor die twintig, verreweg die meeste daarvan in die private sektor. Die lamsakhouding van: „die Regering moet iets doen" is fataal. Regerings is daar om te legisleer en te eksekuteer, nie om te „doen" nie. Dis die veeprodusent wat aangespoor en gehelp moet word om homself te help, veral deur middel van sy eie organisasies. In hierdie opsig vorm die landelike praktisyns die voorhoede, om deur hul werksaamhede tasbare bewys te lewer dat die veearts daar is om die boer se bankrekening te laat swel en *nie* om dit te laat krimp nie.

Aansluitende by hierdie besprekings wat om produktiwiteit skarnier, is daar die slotoorweging van die vooruitsig van grootliks verhoogde effektiewe produktiwiteit van die veearts as sodanig binne die raamwerk van die hierbo breedgeskilderde skema.

EDITORIAL NOTE

LIBRARY FACILITIES

Thanks to the efforts of the late Professor Herman Graf, the very advantageous arrangement was made that all journals received by the SAVA in exchange for this Journal were to be donated to the Merensky Library of the University of Pretoria. This library, in turn, created the Onderstepoort Branch. Till the end of last year it was housed in the Students' Hostel at Onderstepoort, in the modified lounge of the 'old hostel'. The Merensky Library accepted full responsibility for cataloguing, binding and maintenance of all the journals. To this were added journals received gratis by the Association or the Faculty, as well as scientific journals and books ordered by teachers or students for the Library – the cost being met by an allowance from the Department of Agricultural Technical Services – or donated to the Library by colleagues and other kindly disposed instances.

In time a modest but valuable nucleus of a veterinary library came into being. Although the library was at the disposal of all members of the SAVA, as well as teachers and students of the Faculty, it was used almost exclusively by the latter because of its topographical location and hours of service (late afternoons and evenings). Students were appointed as library assistants and they were mainly responsible for the proper conduct of affairs. The expressions of appreciation at discussions of quarterly and annual reports by the University Library Committee indicate how well they discharged their duties and what good use was made of the library.

Severing of the Faculty from the Department of Agricultural Technical Services and rigid economy imposed upon the Department resulted in considerable reduction of book purchases and journal subscriptions in the Library of the Veterinary Research Institute, understandably to supply the needs of the Institute only. Although Faculty members etained the privilege of free access to the Institute Library, its value to the clinical and certain basic science departments of the Faculty,

particular, fell considerably. Unfortunately, at the time of change over no financial provision was made for a Faculty Library. (See this Journal, Vol.44, No.2, p.107.)

The Librarian of the Merensky Library, Mr. A.J. van den Bergh, devoted himself with zeal to the ideal of a fully functional Faculty Library. As a result of his efforts, the hard work of his staff, and an interim allowance favoured by the University authorities, the old library could be established in a new form on the Onderstepoort Campus, as from the beginning of 1974, with a qualified librarian in charge and complete with facilities for reprography, in Room 8/9 of the Faculty Building. After initial trial-and-error the library hours were set from 8h00 to 12h30 and from 13h00 to 16h30. Hopefully the hours may be extended later on.

It is to be understood that for the present, at any rate, funds are meagre and that utmost care has to be exercised in placing orders for books and journals. A carefully selected but reasonable comprehensive list of journals to be subscribed to has been drawn up by Faculty and its Library Committe. In certain essential instances the existing journal-holding of the Institute Library and of the Merensky Library and its various subdivisions will be duplicated, in a considerable number of cases it will be complemented. At the same time the Editorial Committe of the SAVA, with the aid of the Secretary of the Association, is critically reviewing its exchange list in order to obtain maximum coverage at minimum cost. The fact that the Editor is at the same time Convenor of the Faculty Library Committee and Faculty Rpresentative on the Central Library committee of the University will ensure proper coordination.

As in the past, members of the Association will have access to the Faculty Library. The reprography facilities (at 5c per page) will facilitate matters greatly. The Librarian cannot make photocopies, each one will have to do it himself or make arrangements with colleagues on the spot. As soon as matters are stabilised, the publication in this Journal of a list of journals held will be considered.

This announcement naturally implies that donation of journals and/or books or the sponsoring of journal subscriptions and/or book purchases will always be most welcome.

The SAVA expresses its sincere thanks to all persons and bodies that have contributed to the Faculty Library in whatever way.

REDAKSIONELE AANTEKENING

BIBLIOTEEKFASILITEITE

Danksy die bemoeiinge veral van wyle prof. Herman Graf, is die wedersyds uiters voordelige reëling getref dat alle tydskrifte, wat die SAVV in ruil vir hierdie Tydskrif ontvang, aan die Merensky-biblioteek van die Universiteit Pretoria geskenk word. Dié biblioteek het op sy beurt 'n Onderstepoort-tak tot stand gebring. Tot einde verlede jaar is dié tak van die biblioteek in Huis Onderstepoort gevestig, en wel in die gemodifiseerde ruskamer van die ou koshuis. Die Merensky-biblioteek het verantwoordelikheid geneem vir inbind, katalogisering en instandhouding van al die tydskrifte. Hiertoe bygevoeg is tydskrifte wat die SAVV of die Fakulteit as gratis toesending ontvang het, asook wetenskaplike tydskrifte en boeke deur dosente of studente vir die biblioteek bestel – dié koste is bestry uit 'n toelaag van die Departement Landboutegniese Dienste – of deur kollega's en ander goedgesindes aan die biblioteek geskenk.

Mettertyd is 'n beskeie maar waardevolle kern van 'n veeartsenykundige biblioteek opgebou. Alhoewel hierdie biblioteek tot beskikking van alle lede van die SAVV en dosente en studente van die Fakulteit was, was dit weens sy topografiese ligging en diensure (laat namiddae en saans) meesal net deur studente gebruik. Studente is as biblioteekassistente aangestel en hulle was hoofsaaklik vir die goeie gang van sake verantwoordelik. Dat hulle hul goed van hul taak gekwyt het en dat studente goeie gebruik van die biblioteek gemaak het, blyk uit waarderende woorde wat by die Universiteitsbiblioteek-komitee tydens diskussie van kwartaal- en jaarverslae uitgespreek is.

Met uitlywing van die Fakulteit uit die Departement Landboutegniese Dienste en streng besnoeiings binne hierdie departement, is die boek-aankope en tydskrif-intekenings van die Departementele Biblioteek by die Instituut vir Veeartsenykundige Navorsing aansienlik ingekrimp en begryplikerwyse ingestel om net aan die Instituut se behoeftes te voorsien. Alhoewel dosente van die Fakulteit nog oor die voorreg van vrye toegang tot hierdie Instituutsbiblioteek beskik, is sy waarde, veral vir die kliniese en sekere basies-wetenskaplike departemente van die Fakulteit, baie verlaag. Ongelukkig is daar vir hierdie saak tydens omskakeling van die Fakulteit geen geldelike voorsiening gemaak nie. (Sien hierdie Tydskrif, Band 44, Nr.2, Blds. 107.)

Die Bibliotekaris van die Merensky-biblioteek, mnr. A.J. van den Bergh, het met besieling hom vir 'n volwaardige Fakulteitsbiblioteek beywer. Danksy sy pogings, die harde werk van sy personeel en 'n goedgunstige tussentydse toekenning deur die Universiteitsowerhede, kon die ou biblioteek in nuwe gedaante, met 'n gekwalifiseerde bibliotekaresse in bevel en kompleet met reprografiefasiliteite, in die Fakulteitsgebou, Kamer 8/9, vanaf aanvang 1974 op die Onderstepoortkampus verskyn. Na aanvanklike eksperimentering is die biblioteek-ure vanaf 8h00 tot 12h30 en vanaf 13h00 tot 16h30 vasgestel. Hopelik sal dit later verleng kan word.

Dit is te begrype dat, vir die huidige altans, fondsvoorsiening uiters skraps is en dat daar met uiterste omsigtigheid te werk gegaan moet word. 'n Uitgewande maar tog redelik omvattende lys tydskrifintekenings is deur die Fakulteitspersoneel en sy Biblioteekkomitee opgestel. In bepaalde, essensiële gevalle sal dit die bestaande tydskrif-aanhouding van die Instituutsbiblioteek en die van die Merensky-biblioteek en sy onderskeie takke dupliseer, in 'n aansienlike reeks gevalle sal dit daardie biblioteke komplementeer. Terselfdertyd is die SAVV se

Redaksiekomitee met behulp van die Vereniging se Sekretaris besig om sy lys tydskrifuitruilings krities te hersien met oog op die mees voordelige verkryging van so 'n volledig moontlike veterinêre literatuurdekking teen minimum onkoste. Die feit dat die Redakteur tewens Saamroeper van die Fakulteit se Biblioteekkomitee is, asook die Fakulteitsverteenwoordiger op die Sentrale Biblioteekkomitee van die Universiteit, verseker dat gepaste skakeling sal geskied.

Soos in die verlede, sal lede van die Vereniging toegang tot die Fakulteitsbiblioteek hê. Reprografiefasiliteite (teen 5c per bladsy) sal sake ook vir almal baie vergemaklik. Die Bibliotekaresse kan nie self afdrukke vir lede maak nie; elkeen sal dit self moet behartig of reëlings met plaaslike kollegas moet tref. Sodra sake gestabiliseer is, sal publikasie van 'n lys titels van tydskrifte in die Fakulteitsbiblioteek in hierdie Tydskrif oorweeg word.

Hierdie bekendstelling hou die implikasie in dat skenkings van tydskrifreekse of boeke, of die bors van tydskrif-intekenings/boek-aankope altyd baie welkom sal wees.

Die SAVV spreek hiermee sy besondere dank uit jeens alle persone en instansies wat tot die Fakulteitsbiblioteek bygedra het, op watter wyse ookal.

EDITORIAL NOTE

SECURITY

In some respects the optimism of youth may be a liability rather than an asset: one is so apt to accept a healthy, accident-free life as the norm and not heed the statistically proven incidence of ill-health or accident-rate. Even among the not so young there is often the attitude: 'it cannot happen to me.' The professional person, in terms of his potential income, is faced with the problem of ensuring adequate benefits in case of incapacitation, whether temporary or permanent. The veterinarian is undoubtedly more at risk than most other professional men. In this respect membership of the Professional Provident Society, on whose Board the SAVA is also represented, supplies a vital security.

The Special General Meeting of members held on the 20th November 1973 approved the various amendments to the Rules necessary to give effect to a number of important improvements in the benefits afforded by membership. These improved benefits which have come into effect on the 1st January 1974, include the following:

1. The rate of Permanent Incapacity benefit is doubled and is now the same as the sick pay benefit rate. The maximum shares will now provide a permanent incapacity benefit of R7 665 per annum compared with the benefit of R3 833 paid previously.

2. The maximum sick pay benefit is increased from R630 to R945 per month by the issue of supplementary shares at substantially reduced subscription rates.

3. Sick pay protection is now available to age 70 by providing for the new supplementary shares to be retained after age 65, the retirement age for ordinary shares.

These increased benefits are particularly intended to compensate for today's spiralling inflation and rising costs experienced by the private practitioner.

Attention of members is drawn to the accompanying announcement by the Professional Provident Society.

REDAKSIONELE AANTEKENING

SEKURITEIT

In sekere opsigte is die optimisme van die jeug 'n nadeel eerder as 'n voordeel: 'n mens is te geneig om 'n gesonde, ongeluksvrye bestaan as die norm te aanvaar en nie op die statisties bewese voorkoms van siekte of ongeluksyfers ag te slaan nie. Selfs onder die ,,nie meer so jonges" bespeur 'n mens dikwels die houding: ,,dit kan nie met my gebeur nie". Die professionele persoon, in terme van sy potensiële inkome, word voor groter probleme gestel om gepaste voordele te bekom in geval van ongeskiktheid, hetsy tydelik of blywend. Die veearts is ongetwyfeld aan groter risiko's blootgestel as meeste ander professionele mense. In hierdie opsig bied lidmaatskap van die Professionele Voorsieningsvereniging, op die Raad waarvan die SAVV ook verteenwoordig is, noodsaaklike sekuriteit.

Die Spesiale Algemene Vergadering van lede, gehou op 20 November, 1973, het verskeie amendemente van die Reëls goedgekeur ten einde 'n aantal belangrike verbeterings in voordele, aan lede gebied, te bewerkstellig. Hierdie verhoogde voordele, wat vanaf 1 Januarie 1974 in werking getree het, sluit die volgende in:-

1. Die mate van Blywende Ongeskiktheidsvoordeel is verdubbel en is nou dieselfde as Siektevoordeeldekking. Die maksimum aandele sal nou 'n blywende ongeskiktheidsvoordeel van R7 665 per jaar verskaf in vergelyking met die voordeel van R3 833 tevore uitbetaal.

2. Die maksimum siekte-uitbetalings is van R630 tot R945 per maand verhoog deur uitreiking van bykomstige aandele teen aansienlik verlaagde subskripsietariewe.

3. Beskerming teen inkomsteverlies as gevolg van siekte is nou beskikbaar tot die ouderdom van 70 deurdat voorsiening gemaak is dat nuwe aanvullende aandele behou kan word tot na die ouderdom van 65, die beëindigingsouderdom vir gewone aandele.

Hierdie verhoogde voordele is veral bedoel om vergoed vir die hedendaagse inflasie-spiraal en stygende koste wat die private praktisyn ondervind.

Die aandag van lede word op die bygaande aankondiging van die Professionele Voorsieningsvereniging gevestig.

IMPORTANT ANNOUNCEMENT

You can now enjoy

GREATLY IMPROVED BENEFITS
from P.P.S.

PERMANENT INCAPACITY BENEFIT RATE DOUBLED

Maximum benefit increased from R3 833 to R7 665 per annum with no increase in contributions.

SICK PAY BENEFIT

The new supplementary shares issued at reduced subscription rates now enable you to increase your protection from R630 to R945 per month.

SICK PAY BENEFITS TO AGE 70

If you continue in practice the new supplementary shares may be retained to age 70.

NO COMPARABLE PROTECTION AGAINST LOSS OF INCOME DUE TO SICKNESS OR ACCIDENT CAN BE OBTAINED IN SOUTH AFRICA.

For further details call, telephone or write to:

PROFESSIONAL PROVIDENT SOCIETY OF SOUTH AFRICA,
Carlton Centre,
Johannesburg.
P.O.Box 6268.
Telephone
21-9086

BELANGRIKE AANKONDIGING

U kan nou

AANSIENLIK VERBETERDE VOORDELE
van P.V.V. geniet

BLYWENDE ONGESKIKTHEIDSVOORDEEL VERDUBBEL

Maksimum voordeel verhoog van R3 833 na R7 665 per jaar sonder verhoging in bydraes.

SIEKTEVOORDEEL

Die nuwe aanvullende aandele uitgereik teen 'n verminderde subskripsieskaal maak dit nou moontlik om u dekking van R630 na R945 per maand te verhoog.

SIEKTEVOORDELE TOT OUDERDOM 70

As u aanhou om te praktiseer, kan u die nuwe aanvullende aandele tot ouderdom 70 behou.

GEEN VERGELYKBARE BESKERMING TEEN VERLIES AAN INKOMSTE AS GEVOLG VAN SIEKTE OF ONGELUK KAN IN SUID-AFRIKA GEKRY WORD NIE.

Vir verdere besonderhede besoek, bel of skryf aan:

PROFESSIONELE VOORSIENINGSVERENIGING VAN SUID-AFRIKA,
Carlton-Sentrum,
Johannesburg.
Posbus 6268,
Telefoon
21-9086

Please send full details of
Membership/Supplementary Shares
Stuur asseblief volle besonderhede van
Lidmaatskap/Aanvullende aandele

Name
Naam .....

Address
Adres .....

.....

Profession
Beroep .....

Age
Ouderdom .....

Jl S. Afr. vet. Ass. 45 (1 & 2): 15-20 1974

TWEEJAARLIKSE WETENSKAPLIKE KONGRES
en
68ste ALGEMENE JAARVERGADERING
UNISA, PRETORIA, 15-19 OKTOBER 1973

PRESIDENTSREDE: A.B. LA GRANGE

By 'n geleentheid soos hierdie is dit die voorreg en genoeë van die President om uiting te gee oor sake rakende die Professie en die sektore wat dit dien, asook aan sekere persoonlike gedagtes en menings aangaande aspekte wat hy as ter sake mag beskou. Dis geen geringe taak nie, want huidig kan die Professie in nie minder as tien aparte dissiplines verdeel word nie, die aktiwiteite waarvan oor 'n breë spektrum strek. Dit sal helaas onmoontlik wees om te glo en te verwag dat ons opmerkings vanaand al hierdie groepe kan dek en nog minder dat dit in almal se smaak sal val.

Ten einde omlyning in my gedagtegang te bring, wil ek die Professie basies net in drie segmente verdeel, en na enkele van elkeen se aktiwiteite verwys.

1. Die groep van stedelike praktisyns.
2. Die onderskeie groepe wat direk of indirek gemoeid is met 'n verskeidenheid van fasette wat eintlik op landbou betrekking het, bv. navorsing, veeartsenyvelddienste, landelike praktisyns, dié in die handel, dié in reproduksie en produksie en dié in openbare gesondheidsdienste.
3. Dié in opleiding.

Met die eerste groep, nl. ons stedelike praktisyns, gaan dit in geheel goed en hulle lewer 'n uitmuntende en 'n onmisbare diens. Die grootste meerderheid van stedelinge kom vandag nog vanuit ons boere-agtergrond. Ons stedelinge is inherent lief vir ons huisdiere en dikwels word hulle as deel van die gesin behandel. Hulle word goed versorg en die stedelike praktisyn speel 'n belangrike rol in die gemiddelde huis.

Om ons groot stede word ryskole meer en meer algemeen en hulle bestaan kan slegs in belangrikheid toeneem. Dit verwelkom ons almal, want dit prikkel die kind en jonger mense se liefde en belangstelling in diere en so ook 'n respek vir ons bodem, plante en natuur. Diere dra by tot geluk en balans in ons huise.

Ons stedelike praktisyns is goed georganiseerd: hulle het gereelde kontak met mekaar, en hulle is vooruitstrewend en is 'n dinamiese groep. Moderne hospitale wat goed toegerus is, is aan die orde van die dag en dit stel hulle in staat om 'n beter diens te lewer.

Daar is ongelukkig 'n groot deel van ons stedelike bevolking wat derduisende diere nie behoorlik versorg nie. Dit is basies omdat sulke mense nie 'n verantwoordelikheidsin teenoor troeteldiere het nie en hulle nie behoort aan te hou nie. Gelukkig is ons ryklik geseën met goed georganiseerde welsynsorganisasies. Hierdie organisasies is invloedryk en verrig 'n reuse-taak. Dit is ons vurige hoop en strewe dat daar nouer samewerking tussen ons Professie en hierdie organisasies geskep sal word en dat individuele veeartse hulle verpligting in dié verband sal insien en nakom. Ons moet mekaar aanvul en ons wedersydse probleme beter leer ken.

Dit moet aanvaar word dat veeartsenykundige diens aan troeteldiere 'n onmisbare gemeenskapsdiens is. Persele en geboue moet spesifiek ontwerp uitgelê en toegerus wees om sodanige diens te lewer ten einde nie 'n openbare steurnis en gesondheidsrisiko daar te stel nie. Ons stedelike praktisyns vind dit al moeiliker om hierdie persele en fasiliteite te verskaf, want geen dorpbeplanningskema het ooit vir veeartsenydienste voorsiening gemaak nie. Dis een saak wat dringend aandag verdien.

Persoonlik kan ek nie anders as om die veearts nog basies te sien as 'n dienaar, 'n steunpilaar en 'n leier van ons landboubedryf en in besonder ons veebedryf nie. Ek meen ons kan slegs ons probleme en moeilikhede ten volle besef as ons ten volle op hoogte is met die basiese feite van ons landbou-milieu in die algemeen. Die verslag van die Du Plessiskommissie is 'n dokument wat elke veearts en elke boer behoort te bestudeer.

Die Republiek beslaan ongeveer 1,2 miljoen km². Hiervan is 103 miljoen hektaar beskikbaar vir landbou, waarvan 15 persent bewerkbaar is. Van die totaal is 13 persent of 13 miljoen hektaar in die Bantoetuislande. Dit sluit van ons bes bewerkbare gebiede met hoë reënval in. Produksiegewys is hul bydrae 'n absolute minimum. In Desember 1972 het ons totale kapitale belegging in landbou R7 479 miljoen bedra. Ons beesbevolking beloop nagenoeg 11,8 miljoen, waarvan 38 persent in die hande van ons Bantoebevolking is. Ons skape tel vrywel 30 miljoen. Die bruto waarde van ons landbou-opbrengs het van R131 miljoen in 1938/39 tot R1 375 miljoen in 1970/71 gestyg, en ten spyte van alle teenslae bedra dit 9 persent van ons bruto binnelandse opbrengs. Oor dieselfde 31 jaar het die bruto waarde van dierproduksie van 63 miljoen tot 547 miljoen rand gegroei. Landbou-uitvoere staan net terug vir goud. Landbou verskaf werk aan 90 000 blankes en 1,5 miljoen nieblankes. Ten spyte van etlike onvleiende aanmerkings en kritiek wat dikwels op landbou en op ons boere in besonder gemik is, bly boerdery een van ons primêre bedrywe wat sorgsamer aandag verdien. Dit is 'n deel van die veearts se pligte om toe te sien dat elke aspek van die boerderybedryf nie net volgehou word nie, maar verbeter word.

Om ons professie sinvol aan ons veebedryf te koppel, is dit goed om te onthou dat die eerste veeartse hier in 1924 gekwalifiseer het. Hierdie mense was almal deur die Staat vir die Staat opgelei. In daardie jare was dit nodig om die aksent op infeksie-siektes en staats-veterinêre geneeskunde te laat val. Die opleidingskursusse was aangepas soos behoeftes verander het en veral kliniese onderrig het na vore gekom, asook soötegnologie, voedingsleer, ens. Die Staat is vir 30 jaar nie meer die enigste werkgewer nie en huidiglik staan meer as 50 persent van ons lede slegs in die private praktyk.

Een van die grootste uitdagings van vandag is die voeding van die menigtes. Om dit te kan doen, selfs in ons eie land, sal enorme eise aan bodem, plant, boer en wetenskaplike gestel word. Dit kan aangeneem word dat ons as 'n professie met graagte hierdie uitdagings aanvaar en dat ons op die voorpunt sal en wil wees van die veranderde omstandighede wat besig is om momentum te kry. As alle faktore in ag geneem word, steek die landboubedryf m.i. glad nie so danig af teen ander bedrywe soos kritici beweer nie. Dit is wel waar dat die veefaktor binne die landboubedryf nog nie na wense presteer nie. Dit is juis hier waar ons met groter ywer en toewyding moet optree, ons huis in orde moet kry en ons prioriteite moet bepaal.

Eerstens, kan ons onsself afvra of daar genoeg veeartse beskikbaar is. Volgens alle beskikbare informasie en verslae is daar nie. Daar was reeds in 1960 'n geïdentifiseerde tekort van 300. Reeds in 1969 is in die Mönnig-verslag bepaal dat verdubbeling in opleidingsgetalle onderneem moet word. Vanaf 1962 is hierdie Vereniging besig met voorleggings, onderhandelings en onderhoude t.o.v. die owerheid oor hierdie ernstige posisie en sy uitendelike implikasies. Ons het geglo – en hierdie mening bestaan nog feitlik by almal – dat 'n tweede blanke fakulteit 'n saak van dringendheid is en in 'n belangrike behoefte in ons veebedryf sal voorsien. Amptelik was egter besluit dat verdubbeling by die bestaande fakulteit te verkies is.

Dit is nou teleurstellend om te weet en te berig dat ons in

1973 nog nie eens oor die nodige fasiliteite van 45 studente beskik nie, wat nog te sê vir 90. Omdat verdubbeling jare gelede reeds op kabinetsvlak aangeneem was, kan 'n tweede fakulteit nie weer heroorweeg word nie. Die owerheid moet egter besef dat elke jaar se vertraging niks anders as 'n swaarder remskoen aan ons veebedryf is nie. In hierdie vertraging skuil daar pertinente nadele meer as net in blote getalle. Die twee wat kommer wek is die volgende:

1. Die tekort aan veeartse word steeds meer akuut en die gaping tussen vraag en aabod steeds groter. Die gevolg is dat baie werk wat tradisioneel en verkieslik deur 'n veearts verrig behoort te word, noodwendig deur minder goed opgeleide persone of groepe persone sogenaamd „tydelik" verrig moet word.

   Hierdie „Tydelikheid" is in die verlede op baie gebiede as permanent van aard bewys. Dit is nie bedoel as 'n refleksie op hierdie groep nie, want hulle lewer hul beste, maar dit kweek onwillekeurig 'n aanvaarding van dienste of omstandighede wat beter moes gewees het.

2. Die beperkte inname van studente skep die geleentheid tot 'n streng prestasiekeuring vir toelating. Vir 'n universiteit en fakulteit is dit vanselfsprekend 'n baie gunstige posisie, maar ek glo hierin skuil ook besliste nadele. Die ruggraat van 'n professie of beroep bestaan altyd uit 'n normale, hardwerkende, gebalanseerde en gemiddelde klomp mense. Van hierdie jong seuns bly die grootste gros in die slag met die streng keuring en hulle is grootliks vir ons as 'n professie verlore. Is ons werklik oortuig en tevrede dat die prestasie om gekeur te word nie 'n elite-etiket aan persone hang wat hulself dan onwillekeurig 'n valse waarde in lewensbeskouing en verhoudings gee nie? Daar is persoonlikheidseienskappe wat straks van groter waarde in 'n gebalanseerde landsburger is as uitsonderlike akademiese prestasies! Het dit nie tyd geword dat ons, soos ander fakulteite, belangstellings- en aanlegtoetse deur kliniese sielkundiges ernstig moet oorweeg nie? Juis omdat keuring na die eerste jaar gedoen word is dit prakties moontlik om dit tydens die eerste studiejaar te laat doen.

Dit mag oorbodig wees om te beweer dat hierdie Professie die belangrikheid van voortgesette opleiding terdeë besef. Die geweldige vordering op gebied van wetenskap en tegnologie maak dit vrywel onmoontlik vir die gemiddelde veearts om op hoogte te bly van moderne kennis en ontwikkelings. Ons word in gespesialiseerde rigtings gedwing. Die vermoëns van die suksesvolle veearts van die toekoms sal oneindig groter wees as dié van die huidige suksesvolle een.

Dis geensins ongewoon om oorsese spesialiste in ons midde te hê nie. Hulle was al etlike jare vir die Fakultiet, Groepe, Takke en dissiplines beskikbaar. Ek meen dat meer betekenisvolle nut geput kan word uit die besoeke van gesaghebbendes en dat baie van ons eie talentvolle beroepsgenote meer erkening kan geniet.

Geldvoorsiening vir voortgesette opleiding is altyd 'n probleem in 'n klein beroep. Ons is besonder dankbaar jeens besoekende spesialiste, asook jeens bepaalde industrieë, lede en ander vriende wat hierdie programme finansieel ondersteun het. Desnieteenstaande sal ons as professie in die toekoms geroepe word om die hand nog dieper in die sak te steek. Ons hoop ook dat private ondernemings die veeartsenykundige professie in toenemende mate sal ondersteun ten einde ons in staat te stel om ons program van voortgesette opleiding uit te brei.

In die tweede plek moet ons onsself afvra of die bestaande veeartse doeltreffend en maksimaal tot voordeel van ons veebedryf benut word. Die groep wat dan onmiddelik op die voorgrond tree is die landelike praktisyns. Die geografiese distribusie van ons veestapels is aan ons almal bekend. Die relatiewe lae digtheid van veegetalle bring mee dat veeartsenykundige dienste nog nie geredelik binne die bereik van elke veeboer is nie. Op ons owerheid rus 'n swaar verantwoordelikheid om hierdie posisie reg te stel of minstens te verbeter. Dit is ons innige hoop dat die Staat in die toekoms sy weg sal oopsien om staatsveeartsenykundige werk op 'n deeltydse basis onder bepaalde toestande aan landelike praktisyns toe te vertrou. Indien dit gedoen kan word, kan daar eweredige veeartsenykundige dienste tot die beskikking van so-te-sê elke veeboer gestel word. Ons is dankbaar dat die landelike praktisyns tans by sekere amptelike skemas betrek word, maar dit sal nog nie die primêre probleem oplos nie. Dit is ook hierdie groep van veeartse wat hulle vermoëns sal moet inskerp op die veranderinge en eise wat intensifikasie in ons veebedryf aan ons gaan stel. Die toekoms vereis van die veeboer om meer produkte met minder grond te produseer; die antwoord lê beslis nie in veel groter veegetalle nie. Dit lê veral in bewaringsboerderypraktyke, intensifisering, doeltreffende reproduksie en produksie, asook in 'n intieme kennis van die grond, plant en dier en aanverwante aspekte van die boerdery. In hierdie bedeling tree die veearts as voorbehoedende geneeskundige onmiddelik op die voorgrond en verskuif die behoefte aan 'n klinikus wat enkele siek diere genees na dié van 'n konsultant vir dierege-sondheid en -produksie.

Ons moet dit aanvaar dat die veeboer vandag voor groot uitdagings en probleme staan. Die dae van die ondoeltreffende boer is getel en 'n kleiner getal gróót boere sal steeds meer en meer op 'n geïntegreerde basis produseer. Hierdie boere of groot instansies is ingestel op die doeltreffendheid van hulle kuddes of groepe diere in geheel. Hulle het weinig belang in die enkele dier, behalwe dat hy verwyder moet word as hy nie presteer nie. Die doeltreffendheid wat hier nagestreef word is slegs moontlik as gesonder advies van die konsultant-veearts ontvang word en dit is die veearts se plig om ten volle met al die komponente van optimale produksie op hoogte te wees.

Dis betekenisvol dat 97 persent van alle plaasprodukte deur 60 persent van die plaaseenhede in ons land gelewer word; die orige 40 persent se bydrae is maar 'n skamele drie persent. Die persentasie produserende eenhede sal steeds verminder, wat sal beteken dat selfs groter eise aan ons kennis en tegniese advies en dié van verwante groepe gestel gaan word.

Boerdery is nie meer 'n leefwyse nie, maar word streng 'n besigheidsonderneming. Dus is groter doeltreffendheid in elke opsig 'n voorvereiste vir die sukses van elke boer. Die veearts het 'n bykomsige rol in die landbousektor te vervul, naamlik dié van opvoeder. Volgens die Du Plessis-kommissie se verslag het 60 persent van alle blanke boere 'n opvoedingspeil later as standerd 8; 2,9 persent het standerd 1 of 'n diploma en minder as twee persent 'n graad. Ek sien dit as een van ons eerste pligte om aktief deel te neem aan verspreiding van kennis onder die boerderygemeenskap. Ons moet 'n aktiewe rol speel op landboukongresse, boeredae, dierklinieke, kortkursusse, tentoonstellings, ens. Gelukkig word boere vandag beter opgelei en is hulle meer wetenskaplik gerig. Dis veral hierdie groep wat 'n meer doeltreffende beheer oof landbou kry en indirek 'n aanspraak op die veterinêre professie.

Aangaande vleishigiëne het die Regering gedurende 1965 besluit dat die afdeling Veeartsenydiens die sentrale beheerliggaam van 'n doeltreffende, landswye vleisinspeksiediens sou word. Dis nou duidelik dat die Afdeling ook groter plaaslike vleisinspeksiediens by abattoirs onder beheer van die Abattoir-kommissie, asook by etlike private slagplase huidig onder konstruksie, moet verskaf. Wetgewing van 1967 en 1969 het verantwoordelikheid vir vleishigiëne op die veeartsenykundige professie geplaas. Tog is in 1973 die toepassing van die Wet op Higiëne by Dierslag, Vleis en Dierlike Produkte Nr. 87 van 1967 slegs beperk tot 17 groot, sentrale abattoirs. Die neiging tot ontwikkeling van 'n veterinêre rubberstempelvleisinspektoraat, met pligte gedelegeer aan vleisinspekteurs en abattoirsuperintendente, moet ten alle koste vermy word. Wet 87 van 1967 moet dringend oor die hele Republiek uit-

gebrei word ten einde die hoogs moontlike standaarde van vleisinspeksie en higiëne te verseker.

Maatreels word vereis om die talle voltydse veterinêre higiëniste, wat nodig is om Wet 87 toe te pas, te trek. Deeltydse veeartsenykundige aanstellings moet oor die hele land gemaak word om alle slagplase doeltreffend te dek. Etlike jare reeds het 'n chroniese tekort aan vleisinspekteurs by meeste abattoirs ernstige belemmering van 'n doeltreffende vleisinspeksiediens veroorsaak. Die konsepleerplan en voorgestelde nuwe kursus vir vleisinspekteurs lê reeds jare ter oorweging by die sentrale outoriteite sonder tasbare tekens van vordering. Behoorlike fasiliteite vir opvoeding en opleiding van 'n doeltreffende vleisinspektoraat vir die Republiek is dringend nodig. Hierdie en baie ander gedugte moeilikhede, wat uit die oorname aan vleishigiëne spruit, staar die veeartsenykundige professie in die gesig. Flinke en doeltreffende optrede is nodig, sodat die Professie nie onder ongunstige menings en aan verlies van openbare agting ly nie.

Ons lewe in 'n era van 'n veranderde wêreld. Die reuseveranderings en vorderings in wetenskap en tegnologie vereis veranderings en aanpassings van elkeen wat 'n nuttige bydrae tot dieregesondheid en produksie wens te maak. Dis 'n aanvaarde feit dat landbou oor die algemeen langsaam en selfs teësinnigis om aan te pas en veranderings toe te pas. Dit is belangrik om daarop te let daar tweëerlei reaksies op verandering is. Enersyds is daar die positiewe, tersaaklike reaksie, andersyds die negatiewe, die vernietigende tipe. Laasgenoemde word veral gekenmerk deur negatiewe kritiek wat teen mense, leiers en hul inrigtings gemik is. Dit word oor die algemeen gekenmerk deur halwe waarhede en skewe bewerings wat agterdog en wantroue saai, en lojaliteit en krag ondermyn. Dit is 'n wêreldverskynsel en 'n simptoom van die wêreld waarin ons vandag lewe. Ek vertrou dat ons as Professie en diegene wat ons dien altyd in staat sal wees om tussen positiewe voorstelle en negatiewe neigings te onderskei.

Ons is numeries eintlik maar 'n klein professie en boonop is ons binne die professie wyd gediversifiseer. Diversifikasie kan 'n bron van krag wees, maar dit kan ook lei tot onderlinge versnippering en verswakking. Ons toekoms kan slegs beveilig en verseker wees as ons as 'n groep saam staan en saam werk in diens van ons veebedryf. Diversifikasie en spesialisasie bring groepbelange sterk op die voorgrond, maar ons kan in ons eenheid van doel, strewe en diens slegs slaag as ons ook werklik in mekaar se aktiwiteite belangstel.

Ek wil afsluit deur hierdie Vereniging en hierdie Kongres se hartlike gelukwense oor te bring aan die Entstofnavorsing en produksiespan van die Navorsingsinstituut vir Veearsenykunde op Onderstepoort. Die Instituut het vanjaar die Goue Medalje van die Geassosieerde Wetenskaplike en Tegniese Verenigings van Suid-Afrika vir hoogstaande wetenskaplike en tegnologiese prestasies verwerf. Aan die Hoofdirekteur, die Instituut-direkteur en die hele personeel wil ons sê: hartlik geluk met hierdie besondere onderskeiding; ons is almal trots op u.

BIENNIAL SCIENTIFIC CONGRESS and 68th ANNUAL GENERAL MEETING UNISA, PRETORIA, 15-19 OCTOBER, 1973

PRESIDENTIAL ADDRESS: A.B. LA GRANGE

At an occasion as this it is the pleasure and privilege of the President to give expression to matters affecting the profession and the sectors it serves, as well as some personal thoughts and opinions on aspects he may regard as relevant. This is not an easy matter, for at present our profession can be divided in no less than ten separate disciplines, the activities of which cover a wide spectrum. It is impossible, alas, to believe and to expect that our remarks tonight will cover all these groups, even less so that they will find all-round favour.

To bring order to my train of thoughts, I wish to distinguish but three components and to refer briefly to each.

1. The group of urban practitioners.
2. The various groups directly or indirectly concerned with a number of facets bearing on agriculture, for example, research, veterinary field services, rural practioners, those in industry, those concerned with reproduction and production and those in public health services.
3. Those concerned with education.

The first group in general fares well; our urban practitioners render an excellent and indispensable service. The majority of our city-dwellers today still hail from the soil. They have an inherent love for domestic animals and often treat them as part of the family. Such animals are well treated and the urban practitioner plays an important rôle in the average household. In the vicinity of our larger cities riding schools are becoming more and more common and their importance can only increase. This is to be welcomed, because it fosters in our children and young people a love for, and an interest in, animals and consequently in our soil, plants and nature. Animals contribute to the happiness and balance in our homes.

Our urban practitioners are well organized: they make regular contact with one another and constitute a dynamic group. Modern, well-equipped hospitals are in the order of the day and enable them to render better services.

Unfortunately, of our city dwellers a large proportion does not care properly for thousands of animals, because basically they do not have the sense of responsibility towards their pets and should not keep them. Fortunately we are richly blessed with well-organized welfare organizations. These organizations

are influential and perform a major task. It is our earnest desire that a closer co-operation shall be created between our profession and these organizations and that individual veterinarians will realize their commitments in this respect and fulfil them. We must complement each other and become better acquainted with each other's problems.

It must be accepted that veterinary services to small animals is an indispensable community service. Premises and buildings must be specifically designed and equipped to provide this service in order not to constitute a public nuisance and health hazard. Our urban practitioners are finding it increasingly difficult to create these premises and facilities, for no town planning scheme has ever allowed for veterinary services. This is one aspect which needs urgent attention.

Personally I cannot but see the veterinarian as a servant, a pillar of support and a leader of our agricultural industry in general and our livestock industry in particular. I feel that we can only fully appreciate our problems and difficulties if we are conversant with the basic facts of our agricultural milieu in general. The report of the Du Plessis Commission is a document every veterinarian and every farmer should study.

The Republic is roughly 1,2 million km² in size. Of this, 103 million hectares are available for agriculture. Of this 15 percent is arable. Out of the total area, 13 per cent or 13 million hectares are in Bantu homelands. This includes some of our best arable areas with the highest rainfall. Production-wise their contribution is an absolute minimum. In December, 1972, our total capital invested in agriculture was R7,479 million. Our total cattle population has grown from R131 million in 1938/9 to R1,375 million in 1970/71 and in spite of all adversities accounts for 9 per cent of our gross domestic product. Over the same 31 years, the gross value of animal production has grown from 63 million to 547 million Rand. Agricultural exports are second only to gold. Agriculture employs 90 000 whites and 1,5 million non-whites.

In spite of many unsavory remarks and criticisms frequently directed at agriculture and at our farmers in particular, farming is still one of our prime industries which should be looked after better. It is part of the veterinarian's duties to see to it that the quality of every aspect of the farming industry is not only maintained, but improved upon.

To relate our profession to the animal industry, it should be borne in mind that the first veterinarians qualified here in 1924. They were all educated by the State for the State. In those years it was essential to emphasize infectious deseases and state veterinary medicine. The training courses were adapted as the needs changed and clinical teaching came well to the fore, as did Zootechnology, Nutrition, etc. Over the past 30 years the State is no longer the sole employer and presently more than 50 per cent of our members are solely concerned with private practice.

One of the greatest challenges today is the feeding of the masses. To do this, even in our own country, will make enormous demands on soil, plant, farmer and scientist, It can be accepted that we as a profession will accept the challenge readily and that we wish to be in the vanguard when the changed circumstances start gaining momentum.

When all aspects are considered, the agricultural industry in my opinion does not compare so unfavourably as some critics aver. It is true that the performance of the animal factor within the agricultural industry has not attained the desired level. It is here where we have to act with greater diligence and dedication, put our house in order and determine our priorities.

First of all we should determine whether there are sufficient veterinarians. According all available information and reports this is not the case. Already in 1969 the Mönnig Report indicated that a doubling of veterinary student intake should be undertaken. Since 1962 this Association has been busy with representations to and discussions and interviews with the authorities with regard to this serious situation and its eventual implications. We believed – and this opinion is still held by the majority – that a second faculty for whites constituted at matter of urgency and would supply an urgent need in our livestock industry. Officially it has been decided, however, that doubling of the present faculty is the procedure of choice.

It is disappointing to realize and to state that in 1973 we do not even have the necessary facilities for 45 students, let alone 90. Because doubling of the present Faculty had already been accepted years ago at Cabinet level, a second faculty cannot be considered. The authorities must realize, however, that every year of procrastination puts a heavier brake on our livestock industry. This delay holds more disadvantages than merely one of numbers. The two that cause concern are the following:

1. The shortage of veterinarians is becoming more acute and the gap between demand and supply an ever-widening one. Consequently, work traditionally and preferably entrusted to veterinarians perforce has to be done by less well-trained persons or groups on a so-called 'temporary basis', a type of arrangement the past has shown in many spheres to attain a permanent character. This is not meant as a reflection on such groups, because they do their best, but it willy-nilly creates an acceptance of services or circumstances which should have been more favourable.

2. The limited intake of students creates the opportunity for strict selection for entry on the basis of academic achievement. For a university and faculty this obviously creates very favourable circumstances, but I believe that it hides definite disadvantages. The backbone of a profession always consists of normal, hard-working, balanced, average people. Of these young men, the majority fails to make the grade in the face of strict selection and such men are lost to the profession. Are we truly convinced and satisfied that the achievement to be selected does not attach an elite label to persons who then subconsciously generate false values in their outlook on life and relationships? There are personality traits which yet may be of greater value in a balanced citizen than exceptional academic achievements! Has the time not come that, as in other faculties, interest and adaptability tests by clinical psychologists should be considred seriously? Because selection is undertaken after the first year

of study, it is practicable to have such tests undertaken during that year.

It may be superfluous to state that this profession is acutely aware of the importance of the rôle of continued education. The tremendous advances in science and technology in general make it virtually impossible for the average veterinarian to keep abreast of, or even up to date with, modern knowledge and developments. We are being forced into avenues of specialization. The capabilities of the successful veterinarian of the future will be infinitely greater than those of the present successful one.

It is by no means rare to have overseas' specialists in our midst and they have been available to the Faculty, Groups, Branches and disciplines for some years. I feel that more meaningful use could still be made of visiting authorities as well as giving recognition to many of our own talented members.

Financing continued education is always a problem in a small profession. We are indeed deeply indebted to the visiting specialists, as well as to certain industries and our members and friends who have supported these programmes financially. Nevertheless, we as a profession will be called upon to delve deeper into our pockets in the future. We also hope that private enterprises will assist the veterinary profession increasingly to enable us to expand our programme of continued education.

In the second place we must ask of ourselves whether existing veterinarians are being used to maximum benefit of our livestock industry. The group immediately concerned is that of rural practitioners. The geographic distribution of our stock is known to all of us. The relatively low density of livestock numbers has the effect that veterinary services are not within reach of every stock farmer. On the authorities rests the onerous responsibility to correct this position or at least to ameliorate it. It is our sincere hope that the State will see its way clear to entrust state veterinary services to rural practitioners under specific circumstances on a part-time basis. If this could be done, an even distribution of veterinary services could ensure their availability to virtually every stock farmer. We are grateful that rural practitioners are already involved in certain official schemes, but this will not solve the basic problem.

It is also this group which will have to enhance their abilities and adapt them to the demands created by intensification in the livestock industry. The future requires the stock farmer to produce more on a smaller area: the answer does not lie in greater numbers of stock. It is to be sought rather in conservation farming practice, intensification, efficient reproduction and production, as well as an intimate knowledge of soil, plant and animal and related aspects of farming. In this set-up the veterinarian will function as exponent of preventative medicine and the need for a clinician treating the individual sick animal will recede in favour of that for a consultant in animal health and production.

We must accept that the stock farmer is faced today with major challenges and problems. The days of the inefficient farmer are past and a smaller number of farmers will produce more and more on an integrated basis. These farmers or large concerns are keyed to productivity of their herds or groups of animals as a whole. They will have little interest in the individual animal, except when it has to be culled when it fails to make the grade. The efficiency striven for can only be achieved if sound advice is obtained from the consulting veterinarian; it will be the latter's duty to become fully conversant with all the components of optimal production.

It is quite significant that 97 per cent of all farm produce is being produced by 60 per cent of the farming units in our country; the remaining 40 per cent only contributed a mere three per cent. This percentage will still decrease, this means that even greater demands will be made on our knowledge and technical advice and that of related groups.

Farming is no longer merely a way of life but it is becoming strictly a business undertaking: therefore greater efficiency in every sense of the word is a prerequisite to success for every farmer. The veterinarians have an educational duty. The Du Plessis Commission has reported that 80 per cent of all white farmers have less than a standard 8 level of education; 2,9 per cent have standard 10 or a diploma, and less than two per cent a degree. I see it as one of our prime duties to actively participate in the dissemination of knowledge to the farming community. We must play an active rôle at agricultural congresses, farmers davs, animal clinics, short courses, shows, etc. Fortunately, farmers are being trained better and are more scientifically orientated lately. It is this group in particular that is getting a more efficient control of agriculture and also indirectly a claim on the veterinary profession.

Concerning meat hygiene the Government decided during 1965 that the Division of Veterinary Services should become the central controlling authority of an efficient, country-wide meat inspection service. It is now evident that the Division must also provide greater local meat inspection services at abattoirs controlled by the Abattoir Commission, as well as at the many private abattoirs now in course of building. Legislation of 1967 and 1969 conferred upon the veterinary profession responsibility for meat hygiene. Despite this, in 1973, the application of the Animal Slauther, Meat and Animal Products Hygiene Act No. 87 of 1967 is still limited to 17 large central abattoirs. The tendency for a rubber stamp veterinary meat inspectorate to develop, with duties being delegated to meat inspectors and abattoir-superintendents, must be prevented at all cost. Act 87 of 1967 should be urgently extended over the whole Republic to ensure the best possible standards of meat inspection and meat hygiene.

Measures are required for attracting and training the many full-time veterinary meat inspectors needed to administer Act 87. Part-time veterinary appointments must be made throughout the country to cover all abattoirs effectively. For many years a chronic scarcity of meat inspectors at most abattoirs has presented grave problems in maintaining an efficient meat inspection service. The draft syllabus and projected new course for meat inspectors have been under consideration by the central authorities for years without tangible evidence of progress. Proper facilities for educating and training an effective establishment of meat inspectors for the Republic are urgently needed. These, and many other formidable difficulties arising from taking over meat hygiene, confront the veterinary profession. Prompt and effective action is needed so that the Profession

does not suffer adverse reflections and loss of public esteem.

We live in the era of a changing world and this is also true for the veterinary profession and those we serve. The enormous changes and advances being made in science and technology necessitate changes and adaptions imperative for everybody who wishes to make a useful contribution to animal health and production. It is an accepted fact that agriculture in general is slow and even reluctant to adapt to and implement changes. It is important to note that in this changing era there are types of reaction to change. One is relevant to the position and is positive but the other is negative and destructive. The latter is frequently characterized by negative criticism directed at people, leaders and their institutions. It generally consists of half truths and slanted statements that sow suspicion and mistrust, and undermine loyalty and strength. This is a world phenomenon, a sympton of the world in which we live. I sincerely trust that we as a profession and those we serve will always be in a position to differentiate between positive suggestions and changes and those that are negative.

Numerically we are a small profession, which, moreover, is widely diversified. Diversification can be a source of strength; it can also lead to internal dissolution and weakening. Our future can only be assured and safe if we stand together and co-operate in service to our livestock industry. Diversification or specialization accentuate group interests, but we can only succeed in our unity of purpose, endeavour and service if we truly are concerned in each other's activities. I wish to conclude by conveying the sincerest congratulation of this Association and this Congress to the Vaccine Research and Production Team of the Veterinary Research Institute at Onderstepoort which has been awarded the Gold Medal of the Associated Scientific and Technical Societies of South Africa for its excellent scientific and technological achievements. To the Chief Director, the Director of the Institute and the whole personnel we say: heartiest congratulations with this unique distinction; we are all proud of you.

SERIAL PUBLICATIONS — PUBLIKASIEREEKSE

APPLIED ANIMAL ETHOLOGY

An International Scientific Journal reporting on the Application of Ethology to Animals used by Man is announced as a new journal from Elsevier.

The journal will deal with all animals domesticated in any way. Subjects will range from mammals (cattle, pigs, horses, sheep, goats, camels, dogs, cats, deer, fur-animals, etc.) through birds (poultry, cage birds, racing-pigeons) to insects (honey-bees). It will aslo be concerned with feral relations of domesticated animals, animals living in zoos and safari parks and animals on the perimeter of domestication (red deer, wildebeest, eland, etc.). Experiments with laboratory animals will only be included if the results obtained are of direct relevance to the understanding of domesticated animal behaviour.

Besides carefully designed ethological studies in depth, this new journal will accept carefully documented behavioural data – often gathered as a side result to agricultural or veterinary studies.

Applied Animal Ethology will be of interest to those working with domesticated animals (agricultural scientists, veterinarians and zoologists), with animals in zoos and safari parks and with wild animals (ecologists, conservationists, curators).

It is planned to include original scientific papers on such topics as:

– The functions of behaviour
– Inter-relations between the behaviour of the animal and management systems
– The relationships between artificial selection for production traits and the behaviour of the selected stock
– Behaviour of zoo animals
– The relationship between behaviour of domestic and zoo animals.
– Experiments on laboratory animals with a direct bearing on the problems of domesticated animal behaviour
– Domestication and the maintenance of viable ecological balance in man-controlled environments
– The application of ethology to problems of animal conservation and population control
– Relationships between man and companion animals
– Studies on the development of behaviour
– Evolution of behaviour and the history of domestication
– The training of animals, both domesticated and wild
– Abnormal behaviour
– The behaviour of animals with clinical conditions

Mr. A.F. Fraser (Royal School of Veterinary Studies, Department of Veterinary Reproduction, University of Edinburgh, Edinburgh, Great Britain) bas been appointed Editor-in-Chief of the new journal. Dr. D.G.M. Wood-Gush (Poultry Research Centre, West Mains Road, Edinburgh, Great Britain) will be Associate Editor. They will be assisted by an international Editorial Advisory Board, made up of experts in the field.

Manuscripts should be submitted in triplicate to:

The Editorial Office
Applied Animal Ethology
P.O. Box 330
Amsterdam
The Netherlands.

Papers should be in English.

Fifty reprints will be provided free of charge. There are no page charges.

The subscription price is Dfl. 82.00 (ca. US $29.80) per volume, plus Dfl. 8.50 (ca. US $3.10) for postage.

Applied Animal Ethology will be published quarterly, four issues constituting one volume. The first issue is expected in the third quarter of 1974.

Further information and free sample copies are available from:

Elsevier Scientific Publishing Company
P.O. Box 211
Amsterdam
The Netherlands

Jl S. Afr. vet. Ass. 45 (1 & 2): 21-25 1974

ARNOLD THEILER

MEMORIAL LECTURE

GEDENKLESING

CURRENT CONCEPTS IN VETERINARY EDUCATION*

Professor Sir ALEXANDER ROBERTSON**

Preamble:

When Professor Hofmeyr suggested that I take veterinary education as the topic for this Arnold Theiler Memorial Lecture, I was somewhat surprised; for Sir Arnold's outstanding record in elucidating and helping to bring under control many obscure and seemingly intractable animal diseases, and his obvious expertise amounting almost to genius in many, if not most branches of veterinary science, have tended to obscure the fact that he was also eminent in the educational field. When entrusted around 1918 with the establishment of veterinary education in South Africa he drew up a syllabus for a five year course based on Onderstepoort and its staff, since he believed that students should share in the activities of active research workers – a belief which was novel in that day and age but one which is now widely accepted throughout the educational world.

Certainly when in the early twenties Theiler became the first Dean of the first veterinary faculty in this country, he put his precepts into operation in a way which has not only survived the test of time but has served this country well for more than half a century. It is time, of course, that his dictum about the student's main requirements being a Bible, a Pleximeter and a Corkscrew may have undergone some modifications. The Pleximeter has doubtlessly been replaced by more complicated and more expensive gadgetry; and the Bible, also, has probably been supplanted by Blood and Henderson – or in this context perhaps I should say Henning! But the corkscrew, I was glad to note, is still regarded, here as elsewhere, as a valuable asset by members of our profession!

Coming to such an experienced, and indeed eminent, veterinary faculty, it was clearly unlikely that I could tell you much that was new or much that would be of value. Nevertheless, being involved at the moment in discussions on veterinary educational problems, I thought it might be at least of some interest to learn the gist of what your counterparts in Britain are thinking and saying on these matters; but I should make it clear, right from the start, that as yet we have no panacea for our own ills and it is unlikely, therefore, that anything I have to say will be of much help with yours.

A phenomenon which I have noted with considerable interest in nearly forty years concerned more or less actively with veterinary education has been a periodic urge in faculties to re-organize their curricula. This bears some semblance to an epidemic disease in that it occurs at fairly regular intervals; it is as least in part like an inflammatory reaction characterized by heat and occasional pain, though perhaps the redness and swelling may not be so obvious; it certainly takes up a great deal of time of a great many people, often to little avail, as the more startling proposals usually tend to cancel each other out and at the end the faculty is usually left with a curriculum remarkably like that with which it started; and it leaves behind a considerable amount of immunity but with presumably some residual infection so that when a sufficiently large susceptible population is again built up, usually with the acquisition of new staff, the phenomenon reappears.

Like all classical epidemics, this can occur occasionally in pandemic form, when the urge to change appears in many veterinary faculties in many different countries at about the same time; and there are indications that we are in one of these phases just now. In Britain, as you know, we have a Government Committee of Inquiry into the Veterinary Profession charged with looking into its future rôle and educational requirements; and more or less analogous investigations are being conducted in many countries – in Europe and North America and even as far afield as Australia. Is this mere imitativeness or is it the result of some mutation of the normal virus resulting in a sort of mass hysteria amongst veterinary academics, or is there some fundamental common factor stimulating thinking people in so many different countries to look critically at accepted concepts and accepted methods.

